



## TOULEIER

# Ons gaan ry toe die singende duine

**M**et die geluk van voor en 'n sterk wind van agter, hoop ek dat die uwe en Kamermaatjie al rustig op die Nyl afdryf teen die tyd dat hierdie **Kammanuus** in jou posbus opdaag.

Die trippie moes mos eintlik al in Fewerwarie gebeur het met een van die antie se groot verjaarsdae. Nog een van die wenslys af.

Die Nylvaart sou 'n hele affêre gewees het met die sussie van Saoeudi, Nina, wat sou saam gegaan het. Dié weer wou graag haar dogter saamvat, want klein Esna is juis mos vernoem na een van die plekkies wat ons gaan besoek. Dan sou Sheila Buckingham Brown uit Melbourne haar ook by ons aansluit.

Ons het Sheila weer in die Okavango-moerasse ontmoet tydens ons 25ste huwelikshedenking. Maar dis 'n hele ander storie op sy eie. Ons het ontdek dat Sheila 'n hele ander entjie mens is wat deesdae lekker op Afrikaans kan vloek, danksy die uwe se fonetiese onderrig. Dis nou ná 'n bietjie Amarula in die plek van melk oor haar ontbytgraanvlokkies. Dus sou ons vaart 'n konkoksie wees van kuiergaste wat sou opdres in die aande. Maar die Egiptenare was te besig was met klipgooi op Vryheidsplein in Kaïro.

Ons besluit toe maar die vliegkaartjies is gekoop, so kom kuier maar hier in Doha. So gemaak, so land die gaste toe hier en ons begin kuier die plek van 'n kant af.

Natuurlik heel eerste, sinkgat en singende duine toe. Die sinkgat is maar eintlik net 'n dertig meter diep gat in die grond daar tussen niks en nêrens tussen die Bedoeïene en hulle kamele in die kalksteenrantjies so net buitekant Doha. En omdat dit daar is en boonop naby die singende duine, maak almal wat kom kuier daar 'n draai.

Soos ek sê, dis 'n gat in de grond en die groen gras groei nie daarom nie. Maar 'n mens kan darem spog jy was daar, al verkoop hulle nie 'n T-hempie as bewys nie. Terwyl ons laas daar was, het daar wel 'n Arabier opgedaag op sy kameel en lekker ryp dadels aan ons probeer verkoop.

**D**ie grommende duine is egter darem bietjie meer van 'n gebeurlikheid. Veral as jy 'n vleisie en die nodige voggies saamvat en so laat middag daar aankom, net voor sononder. Die een waarheen ons gewoonlik gaan is seker omtrent dertig meter hoog. Ons stop altyd so teen die voet van die duin aan die stil steil binnekant van sy halfmaan-vorm. 'n Mens klouter tot bo, vier tree op en drie terug sodat jy behoorlik moeg en vol fyn sand is teen die tyd as jy oor sy skerp maanhaar rantjie neersyng en dan omdraai en daar in die verte die Amerikaanse lugmagbasis sien waar hulle flossies elke tien minute opstyg of land.

'n Mens sit so rukkie om asem te skep en kyk vêr, tot anderkant Uys Krige se Fort Wajier. Dan begin die sports. Om die beste geluid uit die duin te kry, is om so sit-sit af te ry teen die duin. So asof jy 'n veldtie vang. Jy trek jou boude so tussen jou voete deur, ampies in die lug gebuig asof jy 'n denkbeeldige perd se leisels vashou, miskruier jy een die duin af.

Soos die sand golfies voor jou uitstoot, ontstaan daar 'n diep dreuning wat eers plekloos en ver weg klink. Dan besef jy dis hier by jou en oral rondom jou. Solank as wat jy beweeg, dreunsing die duin saam met jou. Klaar gedreun, knetter die braaivleisvuurtjie gou met 'n jenewetjie in die hand sit jy die verte intuur soos 'n Koi-San antie wat hout soek, terwyl die son sak oor die duin se rant.

As die donkerte sy kombars om jou vou en jy diep in die rooi kole loer, kan jy maar net sowel êrens in die Namib ook gewees het. Hier is dit net baie stiller en sonder die geroep van die jakkalse.

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



# Om die kampvuur

## VREEMDE WETTE

**Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.**

In BRITTANJE is dit onwettig om in die parlement te sterf.

In LIVERPOOL mag 'n verkoopsdame nie met 'n kaal bolyf loop nie. Die wet geld egter net vir tropiesevis-winkels.

In SAMOA mag jy nie jou vrou se verjaardag vergeet nie.

In TENNESEE is dit onwettig om te bestuur as jy slaap.

## Hy wou mos daár by!

'n Fotosessie in Londen het lelik skeef-geloop toe 'n luislang sy tande in 'n model se linkerbors ingesink en kort daarna gevrek het, het die *Mail Online* berig.

Die model se vergrote bates het skynbaar nie heeltemal met moeder natuur geakkordeer nie en die slang is dood aan silikoonvergiftiging.

Vir 'n wyle het die semi-erotiese filmsessie goed afgeloop en die wulpsie blondine het dit selfs gewaag om die luislang 'n piksoen te gee.

Dit was moontlik net te veel vir die arme reptiel en hy het eensklaps sy tande in haar bors ingesink.

Assistentie op die filmstel het haar te hulp gesnel en sy is hospitaal toe geneem vir 'n tetanus-inspuiting.

Die slang het egter lelik tweede gekom en is kort daarna aan silikoonvergiftiging dood.

## Die wel en weë van die jong liefde

(Gekry op 'n gr.4-klaskamer se vloer)

Hi

Hoe gaan dit met jou. Ek hoop dit gaan beter as gister. Ek mis jou baie en mis jy my ook. Ek is baie lief vir jou ek hoop ons gaan nog uit. Hoe gaan dit met jou ma en pa en met Annie. Sy is die kleinste mooiste meisie wat daar is. Waar oor was jy nou entlik die moer in. Isak.

(Dankie aan Rita van Lill.)

## VROLIKE VERSIE

**Disleksiese Dagbreek**

keerbgad eissebrettib  
nos eissebrettib o

## Breinboelie

'n Meisie is twee keer so oud soos haar broer, en haar pa is twee keer so oud soos sy. Oor 22 jaar sal haar pa twee keer so oud wees soos haar broer. Hoe oud is die meisie nou?

**ANTWOORD AGTERAAN AGTEROS.**



## Skotse humor

**V:** Wat is die definisie van 'n gentleman?

**A:** Iemand wat die doedelsak kan bespeel, maar dit nie doen nie.

**V:** Wat is die verskil tussen 'n ui en 'n doedelsak?


**A:** Niemand huil as jy die doedelsak stukkend kerf nie.

**V:** Hoekom marsjeer doedelsakspelers as hulle speel?

**A:** Om weg te kom van die klank.

**V:** Wat noem jy tien doedelsakke op die seabodem?

**A:** 'n Goeie begin



## Slim meisiekind

'n Brandweerman was met sy enjin by die stasie besig toe hy 'n meisietjie met 'n rooi waentjie sien speel.

Weerskante het daar leertjies gehang, met 'n tuinslang netjies opgerol in die middel.

Sy het 'n brandweerskerm op haar kop gehad, en die waentjie is deur haar kat en hond getrek.

Die man het nader gestap. "Dis 'n oulike brandweerwaentjie," het hy gesê. "Dankie," sê die dogtertjie.

Toe die man die waentjie van nader bekyk, sien hy sy het dit met 'n tou aan die hond se halsband en die kat se testikels vasgemaak.

"Meisie," sê die man, "ek wil jou nie vertel hoe om jou speletjie te speel nie, maar as jy die tou om die kat se nek vasmaak, sal jou waentjie mos vinniger kan ry?"

Die dogtertjie het nagedink, en antwoord:

"Ja, jy is seker reg, maar dan gaan ek nie 'n sirene hê nie."



## Hoekom 'n BOKS 'n boks is

'n Bietjie Afrikaanse opvoeding op hierdie dag. Oorvertel as die waarheid, die volle waarheid en niks anders nie as die waarheid!

Op 'n Maandagoggend het die hele skool soos gewoonlik in die saal vergader. Die hoof het soos gewoonlik sy storie vertel, die eerste rugbyspan geprys, die skoolkomitee hartlik bedank, die kinders met stories bang gemaak. Nie dat ek dink kinders skrik meer vir enigiets minder as die doodstraf, wat hulle weet hulle nie opgelê kan word nie.

Hy betuig verder sy dankbaarheid teenoor die kinders wat hulle siviele eise teen die skool teruggetrek het, en vir dié wat nie meer in die klaskamers rook nie.

Op die verhoog staan daar twee kartondose. In hierdie kartondose is daar Bybels wat deur die Gideon-organisasie (dis die ouens wat Bybels in hotelle, ensovoorts, plaas) aan die skool geskenk is. Die idee is om vir alle kinders wat nie Bybels het nie, 'n Bybeltjie te gee.

Omdat hierdie nogal 'n noemenswaardige gebaar is, het twee van die Gideon-mense na die skool gekom om die Bybels te oorhandig. Die twee sit so half eenkant op die verhoog - weg van die onderwysers af.

Toe die hoof klaar is met sy aankondigings, kyk hy op na die kinders en, sonder om 'n slag te mis, swaai hy sy hand na die twee Gideon-mense se kant toe en sê: "En julle wonder seker wat hierdie twee dose op die verhoog doen?"

Nodeloos om te sê, die volgende oomblik het chaos uitgebars en die onderwysers rapporteer dat dit onmoontlik was om enigiets die moeite werd vir twee dae in die kinders se koppe te kry, aangesien hulle telkens uitgebars het van die lag.

Die arme twee Gideons het nie 'n woord kon inkry nie en die twee dose met Bybels in is onuitgedeel na die hoof se kantoor verskuif.

**NS. Dis hoekom 'n "box" 'n boks is en nie 'n doos nie!  
Ons het dié woord al te veel verniel in Afrikaans.**

## VREEMDE FEITE

- 'n Rot kan langer sonder water leef as 'n kameel.
- Jou maag moet elke twee weke 'n nuwe slymlaag vervaardig om te voorkom dat hy homself verteer.
- Die kolletjie op die "i" word 'n tittel genoem.
- 'n Rosyntjie wat in 'n glas vol vars vonkelwyn gegooi word, sal aanhou om op en af in die glas te bons.  
(Laat weet tog as een van julle dit kan bevestig!)
- 'n Eend se kwaak eggo nie. Niemand weet hoekom nie.
- In die strydwa-toneel in Ben Hur is 'n klein rooi motortjie in die verte te sien. En Charlton Heston dra 'n horlosie.
- Donald Duck-strokiesprente was verban in Finland omdat hy nie 'n broek dra nie.
- Weens die skaarsste van metaal is die Oscars tydens die Tweede Wêreldoorlog van hout gemaak.

## SIPHO STEEL SKAPE

Sipho werk vir die boer, en die boer vang hom uit dat hy van sy skape gesteel het. Die boer tree hom langs die skuur aan en gee vir hom 'n dobbelsteentjie.  
Boer: "As jy enige syfer van een tot vyf gooi, gaan ek jou 'n helse pak slae gee."  
Sipho: "En as ek gooi hom die six?"  
Boer: "Dan kan jy weer gooi."



## Uit die wakies

### Koerantstorie

Twee seuntjies speel krieket in 'n parkie in Pretoria toe die een deur 'n Rottweiler aangeval word. Die maatjie dink vinnig, vat sy kolf, druk dit onder die hond se nekband in en draai dit tot hy die hond se nek breek.

'n Joernalis wat verbystap kom nader en wil 'n onderhoud met die seuns voer. Hy sien al die opskrif by sy storie:

#### **Jong Blou Bul-ondersteuner red vriend uit ondie se bek**

Net om seker te maak, vra hy vir die seuntjie of hy vir die Blou Bulle skree. Die seuntjie sê nee, en in sy gedagtes verander die koerantman sy storie na:

#### **Leeu-ondersteuner red vriend in vreesaanjaende aanval**

Maar die seuntjie sê nee, hy ondersteun ook nie die Leeus nie.

Die joernalis vra: "Nou vir watter span skree jy?"

"Ek's 'n WP-ondersteuner," sê hy.

Die volgende dag verskyn die storie op sy koerant se voorblad met die opskrif:

#### **Klein Kaapse wreedaard vermoor gesin se troeteldier**

### Goeie buurmanskap land hom in die hof

In STUTTGART moet 'n regter uitspraak gee in 'n saak van eerbare bedoelings in 'n geval waar 'n man sy buurman gehuur het om sy vrou swanger te maak.

Dit blyk dat Demetrius Soupolos (29) nie daarin kon slaag om sy vrou, Traute (28), swanger te maak nie omdat hy steriel is.

Hy het sy buurman, Frank Maus, gehuur om die daad te verrig. Maus was getroud en die vader van twee kinders en het na 'n goeie kandidaat gelyk.

Soupolos het Maus \$2,500 betaal om drie aande per week, ses maande lank, gemeenskap met sy vrou te hê. Maus het dit 72 keer gedoen, maar sonder sukses.

Toe sy eie vrou beswaar maak, het hy haar verseker dat hy dit net so min soos sy geniet en dit net vir die geld doen.

Soupolos het hond se gedagte gekry en Maus tot 'n mediese ondersoek gedwing. Die dokter se bevinding dat hy ook steriel is, het almal verras - behalwe sy vrou, wat gedwing is om te beken dat Maus nie die biologiese vader van hul twee kinders is nie.

Soupolos dagvaar Maus nou vir kontrakbreuk. Maus se verweer is dat hy geen waarborge verskaf het nie, maar net belowe het hy sal sy bes probeer.

**DIS 'N WAAR STORIE. VIR 'N FOTO VAN TRAUTE, KYK AGTERAAN AGTEROS.**

### Kleredragwenke vir vroue

► As jy 'n rolletjie (of twee of drie) het, moet asseblief nie 'n "boob-tube" met 'n oop magie dra nie. 'n Stukkie suurdeeg wat oor 'n lyfband borrel is verkeerd in enige boek.

► Alhoewel jy baie trots voel daarop, wil ons asseblief nie jou nuwe naeltjering sien nie, veral as jy die rolletjies eers moet oopvou terwyl jy met die ander hand 'n metaalverklikker gebruik om die dingetjie te probeer opspoor nie.

► Wees asb. versigtig wanneer 'n broek gemaak uit die nuwe rek materiaal gedra word - veral in wit of beige. Dit lê beslis klem op alle bewegende dele, asook haelskade. Die term "twee varkies wat spook vir asem in 'n nat streepsak" is hier goed van toepassing.



# Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## REKENAARS

**Tegnikus:** "Klik op 'My Computer' links op jou skerm."

**Klant:** "Jou links of my links?"

**Klant:** "Ek het 'n probleem - ek kan nie in rooi druk nie."

**Tegnikus:** "Het jy 'n kleurdrukker?"

**Klant:** "Aaaa! Dankie!"

**Tegnikus:** "Watter soort rekenaar het jy?"

**Vroulike klant:** " 'n Wit een."

## VOORNEME

Ek moet ophou om die opmerking, "Hoe onnosel kan jy wees" te gebruik.

Dit voel my daar is mense wat dit as 'n persoonlike uitdaging aanvaar.

## KOMPLIMENT

Man aan sy vriend van 55:

"Jy gaan maklik 80 haal."

Vriend: "Wat laat jou so dink?"

Man: "Want dit lyk of jy nou al 70 is."

## WET VAN LOGIKA

Enigiets is moontlik, veral as jy geen idee het waarvan jy praat nie.

## PALESTYNSE HUMOR

**Grappies deur 'n denkbeeldige Moslem-grapjas.**

**V:** Hoeveel Palestyne is nodig om 'n gloeilampie om te ruil?

**A:** Geen! Hulle sit liever in die donker en blameer die Jode!

Het jy gehoor van die Moslem-ontkleeklub? Hulle wys vroue met naakte gesigte!

**V:** Hoekom is dit vir Palestyne gerieflik om aan die Wesoeier te woon?

**A:** Dis net 'n klipgooi weg van Israel!

**V:** Wat sê die kennisgewing by 'n Palestynse kraaminrigting?

**A:** "Skerppunt ammunisie."

Palestynse meisie aan haar moeder: "Kan ek Abdoel se kamer kry nadat hy homself opgeblaas het?"





# Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

## Oorspronklike Esmé en Jan resepte #5

### GEMMERBESKUITJIES

8 k meel  
2 e gemmer  
¼ k melk  
2 k suiker  
Knypie sout  
454 g stroop  
454 g margarien  
3 t koeksoda

Los die koeksoda in bietjie melk op.

Roer die margarien, stroop en suiker oor lae hitte tot suiker opgelos is.

Sif die meel, gemmer en sout saam.

Roer die koeksoda en melk, asook die suiker en stroop mengsel by die droë bestanddele in en meng goed.

Maak balletjies en plaas op koekplaat, druk balletjies effens met 'n vurk plat. Dit sal nog effe uitsprei wanneer dit gebak word so sorg vir genoeg spasies tussen in.

Bak in redelike warm oond (200° C) tot goudbruin.

### LEMOENSTROOP

8 k suiker  
8 k water  
1 botteltjie lemoen geursel  
2 pakkies Wynsteensuur  
Knippie sout

Los die suiker oor lae hitte op in die water en laat dit net opkook. Verwyder van

hitte en gooi die lemoen geursel, wynsteensuur en knippie sout by. Roer goed deur.

Gooi in skoon bottels en kurk toe. Verdun met yswater voor gebruik.

\*Kurk toe = bottel warm.

Die Volledige bedankingslys sal na afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in E-Boek formaat beskikbaar gestel word. Die wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

#### BADENHORST

[willemba@absamail.co.za](mailto:willemba@absamail.co.za)

Ek soek meer inligting oor die volgende families: Van Dyk, Smal, Bester, West. hulle is almal uit die Overberg (Caledon) omgewing.

#### HELBERG

[joggiehelberg@gmail.com](mailto:joggiehelberg@gmail.com)

Inligting oor Helbergs en hul oorsprong.

#### SWANEPOEL

[alet@shaw.ca](mailto:alet@shaw.ca)

Ek versamel alle inligting van Swanepoel of Zwanepoel in Suid-Afrika met die oog daarop om 'n Swanepoel Stamregister te publiseer. Alle inligting sal waardeer word.

#### WERNICHT

[barendd0@gmail.com](mailto:barendd0@gmail.com)

My moeder se van was Wernicht. Haar pa was Dawid Hercules en hulle het op Koffiefontein grootgeword. Haar broers was Dawid en Pieter.

### NUTTIGE SKOENRIEM

Die Boer het in sy gunsteling restaurant gesit toe 'n Japanees sê:

"Ek is so moeg om na jou groot, ronde oë te kyk."

Boer: "Sit vir jou 'n blinddoek op."

Japanees: "Wat ek waar kry?"

Boer: "Hier, gebruik sommer my skoenriem."



## Kort kursusse vir vroue

### 1. Stilte - Die Groot Grens:

Waar geen vrou nog was nie.

### 2. Die onbekende sy van bankwese:

Hoe om 'n deposito te maak.

### 3. Partytjies:

Hoe om sonder 'n nuwe uitrusting te gaan.

### 4. Manbestuur:

Klein takies wat tot ná die wedstryd kan wag.

### 5. Badkamer-etiket I:

Mans het ook plek in die badkamerkassie nodig.

### 6. Badkamer-etiket II:

Sý skeermes is sý skeermes.

### 7. Badkamer-etiket III:

Hoe om die toiletbak se sitplek af te slaan en hoekom mans dit in die op-posisie verkies.

### 8. Telefoon etiket:

Hoe om die gehoorbuis neer te sit.

### 9. Skoene:

Leer om dieselfde skoene meer as een keer te dra.

### 11. Kommunikasie I:

Trane is die laaste uitweg, nie die eerste.

### 12. Kommunikasie II:

Dink voordat jy praat.

### 13. Kommunikasie III:

Hoe om jou sin te kry sonder om te sanik.

## Stuitighede oor die Franse

"Ek verkies 'n Duitse divisie voor my bo 'n Franse divisie agter my."

-- Genl. George Patton

"Ons kan hier staan soos die Franse, of ons kan iets daaraan doen."

-- Marge Simpson

"Wat my betref, is oorlog altyd 'n mislukking."

-- Jacques Chirac

"Die laaste keer toe die Franse meer bewyse wou hê, het dit Parys onder die Duitse vlag ingemarsjeer."

-- David Letterman

"Al ding slegter as 'n Fransman is 'n Fransman wat in Kanada woon."

-- Ted Nugent



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



# Klein Gert word groot

Die dag toe sy ma anders begin lag en praat, het hy 'n groot man geword.

Deur CHRISTO DU PLESSIS

**D**is donker in die kamer, maar Klein Gert Venter is bewus van elke beweging wat die man op die ander bed maak. Hy kan dit egter nie sien nie – hy span sy ander sinuïe in om waar te neem.

Klein Gert wens hulle was ook so ryk soos James de Witt-hulle in die bo-dorp. Dan het hy nie nodig gehad om sy kamer met die loseerder te deel nie en hy sou met 'n bloedrooi fiets skool toe ry. Sy broekspyp, aan die ketting se kant, sou hy met 'n wasgoedpennetjie vasknyp sodat dit nie met die olie vuil smeer nie. Hy sou sulke blink, swart, skoene gehad het en dit só gevryf het dat hy homself daarin kon sien. Net soos sy pa se oorlogstewels.

Hy verlang party dae na sy pa. Maar hy sê dit vir niemand nie, want 'n man huil nie as jy na iemand verlang wat dood is nie. Hy hoor soms sy ma huil. Veral as dit baie donker is. Soos wanneer die maan nie skyn nie.

Hy wonder hoekom die maan partykeer skyn en ander kere wegraak? As sy pa nog gelewe het, kon hy hom vra.

Hy het eenkeer amper vir die Oom wat sy kamer deel, gevra, maar die Oom lyk te kwaai. Sy ma het gesê hy mag nie die Oom met allerhande bog pla nie. Want netnou verergh hy hom en gaan weg. Sy sê die Oom betaal baie goed vir die kamer.

Sy gedagtes keer terug na die kamer toe hy die rook ruik. Die Oom rook baie. Veral in die nag. Die eerste rook van die sigaret ruik altyd vir Klein Gert lekker. Sy ma sê dis omdat dit 'n baie sterk sigaret is. Die Oom rook Gold Dollar filter. Klein Gert het gesien dis 'n blou pakkie met twee goue kolle op wat lyk soos geldstukkie. Wanneer die Oom die rook intrek, kan hy die suiggeluide hoor.

Elke aand bring die Oom 'n groot bottel koffie kamer toe. Klein Gert mag nie in die kamer ingaan voordat die Oom nie klaar sy nagklere aanhet en in die bed lê nie. Die bottel koffie staan dan al op die tafel langs die enkelbed.

Hy sê elke aand vir die Oom nag. Maar die Oom antwoord nie. Noudat hy daaroor dink, hy het nog nooit die Oom hoor praat nie. Miskien praat die Oom met sy ma as hy, wat Klein Gert is, by die skool is.

**A**and vir aand luister die Seun hoe die man eers aan die sigaret suig en dan die koffie sluk. Suig, sluk, suig, sluk. Dit klink vir hom só lekker. Hy wonder hoe groot 'n mens moet wees voordat jy Gold Dollar filter mag rook en so baie koffie kan drink?

As hy vir koffie vra sê sy ma altyd hy gaan vlooië in sy maag kry en hy moet gaan speel.

Toe Klein Gert die volgende aand die huis binnestap, hoor hy uiteindelik die man praat. Vanaand is anders. Sy ma en die Oom sit in die voorhuis en gesels. Sy ma lag. Maar nie soos wanneer sy bly is as Klein Gert iets sê of doen nie. Sy lag soos die tannies in die kafee as Martin de Witt, James se grootbroer, met hulle hare speel en in hulle ore fluister.

Toe hy instap sien hy die Oom langs sy ma op die bank sit. Sy ma laat haar kop skamerig sak en sê: "Nie voor die kind nie. Later."

Klein Gert wonder wat later gaan gebeur. Hy gaan sit op die stoel in die hoek en hou die grootmense dop. Sy ma en die Oom is vir hom vreemd vanaand. Hulle praat, maar gebruik groot woorde wat hy nog nie gehoor het nie.

Toe hy vir die soveelste keer gaap, stuur sy ma hom bed toe.

"Jy kan maar kamer toe gaan Boeta. Jy sal in elk geval al slaap as ek en die Oom klaar gesels het."



"Ja, ek sal sommer in die badkamer aantrek vanaand," sê die man agter sy ma aan.

**K**lein Gert rol rond. Hy is vaak maar die slaap wil nie kom nie. Hy mis die suig- en slukgeluide waaraan hy nou al gewoon geraak het. Hy hoor vaagweg gesels-stemme. Sy ma het lanklaas so baie gesels. Dit maak hom bly.

Hy moes ingesluimer het, want hy word wakker van 'n uitroep. Was dit sy ma? Hy lê doodstil. Hy trek sy asem amper bang in en laat dit baie stadig uit. Só stadig dit laat sy longe en kop pyn.

Die geluide kom uit sy ma se kamer. Dit klink vir hom soos stemme. Maar nie soos gesels-stemme nie. Dit klink eerder soos harde asem. Sy ma se stem kom partykeer bo die van die Oom uit. Maar dis nie haar praat-stem nie, ook nie haar stem as sy hom roep nie. Hy kan nie woorde uitmaak nie. Die geluide word harder en meer dringend.

As sy pa nog gelewe het kon hy vir hom gevra het wat gebeur. Miskien moet hy dit vanaand waag om vir die Oom te vra as hy kom slaap.

Klein Gert raak baie later van die eerste reuk van die Gold Dollar filter bewus. Dan hoor hy die eerste sluk. Hy maak sy mond oop om vir die Oom te vra wat gebeur het.

Sy asem skok terug in sy keel nog voor hy 'n woord kan uitkry, as die Oom vir hom sê: "Jy word nou te groot om Klein Gert te wees. 'n Man word nie Klein Gert genoem nie. Van môre af slaap jy weer alleen in jou kamer. Nag Gert."

En Klein Gert, wat met vreemde naggeluide "Gert" geword het, se hart klop soos 'n resiesperd wat hardloop in sy ore.

Hy kan nie hoor of hy hard genoeg praat toe hy vir die Oom nag sê nie.



## Goeie buurmanskap land hom in die hof

[van bladsy 4]

**Só lyk Traute Soupolos. Sover  
vasgestel kan word, is sy  
steeds nie swanger nie.**

**NS. Het julle dalk gedink sy's lelik?**

### **ANTWOORD OP BREINBOELIE**

Sy is 22, haar pa is 44 en haar boetie is 11. Oor 22 jaar is haar pa 66 en haar boetie 33.

Hou jou posbus dop:  
Jou volgende KAMMANUUS land op 25 APRIL.